higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N960**(A)**(N19)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# ARBEIDSVERHOUDINGE N6

(4110486)

**19 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: | 40 punte |
   | AFDELING B: | 160 punte |
   | GROOTTOTAAL: | 200 punte |

3. AFDELING A is VERPLIGTEND.

4. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur ’n term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| nywerheidshof; onderhandelaar; geskil; konflik; tegnologie; arbiter; geïntegreerde bedinging; verdelingsbedinging; versoening; gesentraliseerd |

1.1.1 Die bedingingstyl in ’n wen-verloor-situasie

1.1.2 'n Bedryfsteuring tussen twee partye

1.1.3 Die stelselmatige toepassing van wetenskaplik gevorderde masjinerie

1.1.4 Die tipe bedingingstyl waar albei partye dieselfde voorkeur het

1.1.5 Kollektiewe bedinging wat formeel is

1.1.6 ’n Meningsverskil wat so ernstig geword het dat geen gemeenskaplike terrein gevind kan word nie

1.1.7 ’n Voortsetting van die onderhandelingsproses

1.1.8 Hanteer ’n sensitiewe proses met empatie

1.1.9 Evalueer die getuienis van die partye by ’n geskil en gee ’n beslissing wat die toekenning van ’n bedrag geld kan insluit

1.1.10 Die hof wat deur die Arbeidshof vervang is

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Daar moet 'n dissiplinêre onderhoud wees voordat 'n verhoor kan plaasvind.

1.2.2 Versoening behels die voortsetting van onderhandeling tussen die partye.

1.2.3 Volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes het werknemers nege dae gesinsverantwoordelikheidsverlof.

1.2.4 Siviele sanksies/strafmaatreëls kan opgelê word aan mense wat by 'n beskermde staking betrokke is.

1.2.5 Die aanleidende oorsaak van 'n staking kan lone wees.

1.2.6 Werknemers kan aan die einde van 'n beskermde staking ontslaan word.

1.2.7 'n Erkenningstaking is 'n magsvertoon.

1.2.8 *Betooglinievorming* is 'n niegewelddadige metode om protes aan te teken.

1.2.9 Stakings word nie in Suid-Afrika toegelaat nie.

1.2.10 Kommunikasie moet tydens 'n grieweprosedure plaasvind.

(10 × 2) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Definieer elk van die volgende begrippe:

2.1.1 Konflik

2.1.2 Kollektiewe bedinging

2.1.3 Tegnologiese ontwikkeling

2.1.4 Bedingingsraad

2.1.5 Geskil

(5 × 2) (10)

2.2 2.2.1 Bespreek die SES oorsake van konflik in die werksplek. (6 × 2) (12)

2.2.2 Noem VIER tipes bedinging. (4 × 2) (8)

2.2.3 Wat is die funksies en bevoegdhede van 'n bedingingsraad? (5 × 2) (10)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | | Gee VYF voorbeelde van regsgedinge. | (5 × 2) | (10) |
| 3.2 | | Noem VIER voordele van ’n sloerstaking. | (4 × 2) | (8) |
| 3.3 | | In 2017 het alle werknemers van die Departement van Onderwys gestaak. Verstrek redes vir ’n staking. | (5 × 2) | (10) |
| 3.4 | 3.4.1 | Bespreek die gevolge van ’n onbeskermde staking. | (3 × 2) | |
| | 3.4.2 | Bespreek die gevolge van ’n beskermde staking. | (3 × 2) | (12) |
| | | | | **[40]** |

**VRAAG 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Gee VYF redes waarom kommunikasie by die werk behoort plaas te vind. | |
| 4.2 | Bespreek VYF doelstellings van ’n grieweprosedure. | |
| 4.3 | Gee VYF voordele van LIEU as ’n voorkeurkriterium by afleggings. | |
| 4.4 | Verstrek VYF redes waarom ’n organisasie ’n dissiplinêre kode moet hê. | (4 × 10) **[40]** |

**VRAAG 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Gee SES riglyne vir ’n dissiplinêre verhoor. | (12) |
| 5.2 | Noem SES redes waarom konflik in die werksplek opgelos moet word. | (12) |
| 5.3 | Bespreek die VIER ekonomiese elemente wat deel van die ekonomiese kragte uitmaak. | (8) |
| 5.4 | Noem VIER eksterne omgewingsfaktore van kollektiewe bedinging. | (8) **[40]** |

**VRAAG 6**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Onderskei tussen *gesentraliseerde* en *gedesentraliseerde* bedinging. | (2 × 5) | (10) |
| 6.2 | Bespreek die SES funksies van die KVBA. | (6 × 2) | (12) |
| 6.3 | Noem VIER tipes stakings. | (4 × 2) | (8) |
| 6.4 | Noem VYF aanwysers van griewe. | (5 × 2) | (10) **[40]** |

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou